

# ’n Kalm seevaart

**ADELIE** staan op die stoep en draai van links na regs. Hulle huis is altyd ’n plek vir avontuur. Haar kamer is vol speelgoed en mooigoed wat haar opgewonde maak. Haar ma se kantoor wat aan die huis grens, het die lekkerste banke wat afslaan en in beddens, of volgens haar tente, selfs vlotte, kan verander. Haar bababoetie se speelkraal en alfabetmat kan haar ure lank besig hou. Daar is ook nog die ontspanningsarea met genoeg ruimte om in ’n verhoog te verander. Van buite af lyk die huis se skoorsteen soos ’n vliegtuig se stert.

*Soms, wanneer haar pa die kaggel aansteek, lyk dit asof die huis rookseine uitstuur.*

Sy maak haar oë skrefies en kyk oor die plat, groen grasperk. Die houtspeelraam aan die ander kant van die grasperk het swaaie, 'n klouterraam, 'n loopplank en 'n brandweerpaal. Groot bome wat elkeen anders lyk, strek tot hoog in die lug. In die verste hoek van die tuin is 'n klein houthuisie wat op pale staan. Dit is haar pophuis en het selfs 'n houtkombuis en 'n bed. Die yslike akkerboom wat koelte oor die huis en swembad gooi, help dat die son haar nie verblind nie. Die agterplaas is 'n skatkis van lekker speelplekke, maar vandag is die water haar eerste keuse.

Adelie lek haar vinger nat en hou dit in die lug in op.

Dit is hoe Oupa sê 'n mens die wind se rigting toets.

Die agterkant van haar vinger voel koel.

"Kom Riley, die wind waai reg."

Haar hond, Riley, die Boston-terriër, gaan vandag deel van haar skip se bemanning wees.

Hy is 'n goeie swemmer en sal kan help waar die golwe te woes raak.

Hy staan opgewonde nader, sy ore kiertsregop en op aandag.

Gereed, Kaptein.

Riley is nie 'n pratende hond nie; dit is net sy wat sy gesigsuitdrukkings kan verstaan. Dit is byna asof sy Riley se gedagtes kan lees. Adelie weet dit is moontlik, want sy sien dit gereeld in die superheldfilms. Sy sal nie vir enige iemand van haar en Riley se geheime band vertel nie. Hulle is beste maatjies. Eintlik is hulle meer soos broer en suster. Hulle is onafskeidbaar.

"Is jy reg vir die avontuur van jou lewe?"

Riley probeer sy stert swaai, maar dit is so kort dat dit eerder in die rondte draai, sy hele agterlyf gaan aan die wikkel. Hy ruk homself byna onderstebo. Adelie giggel vir sy lawwigheid.

"Kom, laat ek jou optel."

Sy tel hom op haar groot wit eenhoringopblaasskip. Dit het die mooiste reënboogkleurige stert en maanhare.

Die perfekte skip vir die reis na die Pegasuseiland, waar die eenhorings woon.



Riley balanseer op die kant van die skip en tuur oor die waters uit.

🐾 Noord lyk soos kalm waters.

Sy vryf hom op die kop. “Dan vaar ons noord.”

Sy druk die skip weg van die kant af en spring net betyds op die dek. Die waters is helderblou en die wind is stil. Dit gaan 'n rustige vaart wees.